NG Gemeente Lyttelton-Oos

Begelei mense tot 'n lewe in oorvloed

www.lytteltonoos.org.za | Sondag 12 Maart 2006 | Wat is 'n lewe in oorvloed?

ONS GEMEENTE SE DROOM - KLIK HIER

NEEM KENNIS VAN DIE VOLGENDE BELANGRIKE SAKE / INLIGTING

BLOKBYEENKOMSTE
Blok Twee - Vier: Sondag 12 Maart 12:00
(Tussen Molteno en Rivier + buite)

ADORAMUS
Aanbiddingsdiens. Volgende geleentheid 15 Maart om 20:00

MOSAÏEK
Elke Sondagaand om 19:00. 'n Geleentheid vir lofprysing en nadenke oor God.

DIAKONIEVERGADERING
Alle diakens vergader om 19:00 22 Maart in die gemeentesentrum

TIENER-MENTORS
Mentors bid saam om 17:00
Maak 'n verskil in 'n tiener se lewe

AKSIE TWEE +
Volgende byeenkoms 26 Maart om 12:00
Harmonie in die Huwelik

GEBEDSBEDIENING
Elke Sondag om 09:00 in gebedskamer. Kontak Hannelie du Preez by 082 908 3992

MOSAÏEK

"Mo-sa-ïek' (-e) Mengeling van uiteenlopende bestanddele..."

'n Geleentheid vir lofprysing
'n Geleentheid vir nadenke oor die lewe
'n Geleentheid vir saam-wees

Sondae om 19:00 in die kerkgebou

LEWE IN OORVLOED

Ons is nie gemaak om saai, betekenislose lewens te lei nie. Jesus het gekom om vir ons die lewe te gee, en dit in oorvloed. Dit beteken 'n lewe vol liefde, vreugde en vrede - alles wat die lewe die moeite werd maak. Baie mense mis dit - hulle mis die doel van hulle lewe. Moenie dat dit met jou gebeur nie!

'n Lewe in Oorvloed vloei natuurlik voort uit drie kern-verhoudings:

- **Ons verhouding met ons Hemelse Vader, sy Seun en Gees**
- **Ons verhouding met die mense naaste aan ons, ons gesin, ons Vader se ander kinders.**
- **Ons verhouding met mense wat vêr van God lewe, wat in nood is, wat buite die dampkring van God se liefde lewe.**

Lyttelton-Oos Gemeente gaan hier-die jaar tydens drie 40 dae fokus-tye aan hierdie drie verhoudings aandag gee.

Wat kan ek doen om die beste gebruik te maak van hierdie geleentheid?

Jy kan op drie maniere fokus en so hierdie geleentheid aangryp en sorg dat dit nie by jou verby gaan nie:

- **Woon ten minste elke Sondag tydens hierdie tydperk een van die eredienste by (sien die datums en temas langsaan)**
- **Raak betrokke by 'n kleingroep wat gedurende die week bymekaarkom om die temas te bespreek**
- **Maak gebruik van die dagstukkies wat elke Sondag beskikbaar gestel sal word.**

OorblywendeTemas

Week 2 : Sondag 12 Maart Verheug jou in God se liefde [Genade - Die basis]

Week 3 : Sondag 19 Maart Vertrou op God se sorg [Gemeenskap - Die konteks]

Week 4 : Sondag 26 Maart Laat God jou verander [Groei - Die potensiaal]

Week 5 : Sondag 2 April Verdiep jou verhouding met God [Gebed - Die kern]

Week 6 : Sondag 9 April Verbind jou aan God se droom [Gehoorsaamheid - Die doel]

Afsluiting: Sondag 16 April Vier jou verhouding met God

GROOT LYDENSWEEK

Ons 40-dae fokus tyd word afgesluit met die Groot Lydensweek. Gedurende hierdie week loop ons die Via Dolorosa (lydenspad) agter Jesus aan. Ons beleef saam met Hom wat hy beleef het, ons word as't ware saam met Hom gekruisig, saam met Hom begrawe, sodat ons weer saam met Hom kan opstaan en 'n nuwe lewe kan lei. Dis 'n tyd van toewyding en geestelike hernuwing. 9 April om 09:00 - Palmsondag

PROGRAM:

9 April om 19:00 - Diens van Duisternis
10 April om 19:00 - Lydensdiens
11 April om 19:00 - Lydensdiens
12 April om 19:00 - Lydensdiens
13 April om 19:00 - Nagmaal
14 April om 09:00 - Goeie Vrydagdiens
15 April om 22:30 - Paaswaak
16 April om 09:00 - Opstandingsdiens

Kaart na kerkterein | **Laai boodskappe af**

ADORAMUS

STILTE » NADENKE » GEBED

WOENSDAGAAND
15 MAART
20:00

Aksie Twee+

'n Bediening gefokus op jonggetroudes en gesinne met jong kinders

Byeenkomsdatums:

26 Maart 2006

Spreker: Ds Abel Pienaar (Huweliksberader)

Tema: Harmonie in die huwelik

23 April 2006

Spreker en tema sal bevestig word

21 Mei 2006

Spreker: Johan Herholdt

Tema: Jou persoonlikheid en jou verhoudings.

Elke byeenkoms word afgesluit met 'n lekker saam-kuier bring-en-braai - eie drinkgoed, vleis en eetgerei.

GEBEDSBEDIENING

Indien u wil help om 'n omvattende gebedsbediening in die gemeente te vestig, skakel Hannelie du Preez (082-908-3992)

Kry M.E.E.R. uit die lewe!

Motivering, Energie, Entoesiasme, Rekreasie

Geleenthede om 'n verskil te maak

Ouderling / Diaken
Bou 'n verhouding met 'n paar huisgesinne en gee vir hulle om.
1 uur per week

Inligtingstafel
Wees deel van 'n span wat mekaar afwissel by 'n weeklikse inligtingstafel tussen die twee eredienste. Gee inligting oor die gemeente se aktiwiteite aan lidmate en belangstellendes en help nuwe en voornemende lidmate.
1 uur per week / maand

Nuwe Intrekkerbediening
Help almal (nie net NG mense nie) wat nuut intrek in ons gemeenskap om welkom en tuis te voel deur inligting oor hulpbronne in die gemeenskap (dokters, apteke, winkels ens.) deur te gee.
2 ure per maand

Aksie Twee +
Dit is 'n aksie wat gemik is op gesinne met geen of jong kinders (voorskools of op laerskool).
Reël huwelik- en ouerseminare en sprekers oor relevante onderwerpe ens. Help om hierdie aksie op die been te bring.

Klub Immergroen
Besoek en bedien op 'n gereelde basis ons senior lidmate / help met die reël van oggendtees en 'n kersete. Kontak Gerty Basson by 664-2433.

Kleingroepe
Voel jy geroepe om te begin met 'n kleingroep (nie noodwendig net vir lidmate nie)? Stuur onmiddelik 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

Tienierbediening - Mentor
Bou 'n verhouding met 'n groep tieners en help om die Here beter te ken, die lewe beter te verstaan en tuis te voel in die gemeente.
2 ure per week

Kinderkerk
Help met die aanbieding van die kinderkerk elke Sondag vir die kleuters / Gr 1-3 / Gr 4-6.
2 ure per week

Helpmekaar Bediening
Help om 'n bediening te bou waar lidmate hulle gawes / talente en vermoëns vir mekaar beskikbaar stel.
2 ure per week (aanvanklik totdat bediening op die been is.)

Aksie Een
Dit is 'n aksie wat gemik is op enkellopendes van enige ouderdom. Reël byeenkomste en seminare of kampe met sprekers oor relevante onderwerpe. Help om hierdie aksie op die been te bring.

Eredienswerkgroep
Help met die beplanning van ons eredienste deur navorsing, bespreking, ontwikkeling van visuele aanbiedings, kort dramsketse, die inwin van mense se stories (getuienisse), sang en musiek. Hierdie groep kom gereeld elke Donderdagaand om 20:30 by Krugerlaan 105 bymekaar op 'n vrywillige en spontane basis. Die groep is nie geslote nie. Enigeen wat insette wil lewer is welkom.

Indien jy op een of meer van die maniere hierbo genoem 'n verskil wil maak, stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

Inligting oor ander bedieninge is ***hier*** te vind

BELANGRIKE DATUMS - SLEEP JOU DAGBOEK NADER

12 Maart
Blokbyeenkoms van Blokke 2, 3 en 4 (Tussen Molteno en Rivier en almal buite grense van gemeente wat nie in blok een val nie.)
15 Maart
20:00 Adoramus (skuif vanaf 8 Maart hierheen)
22 Maart
19:00 Diakonievergadering
19 Maart
19:00 Kommissie vir Administrasie en Finansies vergadering

Volledige program hier

29 Maart
19:00 KAF vergadering
9 April
Groot Lydensweek begin
13 April
Nagmaal om 19:00
15 April
22:30 Aflegging belydenis van geloof
19 April
19:00 Kerkraadsvergadering
9 Augustus
PARKNAVAL

Het u dalk hulp nodig? Ons help graag waar ons kan. Klik op die pyltjie om sien waarmee ons ons kan help

Dink 'n bietjie hieroor...

People are always blaming their circumstances for what they are. I don't believe in circumstances. The people who get on in this world are the people who get up and look for the circumstances they want, and, if they can't find them, make them. - George Bernard Shaw, "Mrs. Warren's Profession" (1893) act II

Fortune does not change men, it unmasks them.- Suzanne Necker

The generation that criticizes the younger generation is the one that raised it. - Anonymous

INLIG-AKTUEEL (5/2006) 10 tot 23 Februarie 2006
Saamgestel deur ABID

Een van die dienste wat ABID (Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk) lewer is om weekliks al die berigte wat in die pers verskyn oor geloofsake te versamel en deur middel van e-pos uit te stuur aan almal wat belang stel. Hieronder is hierdie week se versameling. (Indien u wil inteken op die diens stuur 'n e-pos aan ngkinlig@mweb.co.za)

NG KERK - NUUS

Vuur en 'flam' vir nuwe kerkmusiek
Burger, 03.03.2006

Eers was daar Psalms en Gesange, toe die 'Liedboek' en nou het die NG Kerk 'n CD met amptelik goedgekeurde 'funky' liedere vrygestel, waarmee hulle 'n bietjie Flam onder die kerk se musiekbediening wil maak. Flam 1 is die eerste CD van liedere wat amptelik deur die algemene sinode se taakgroep vir Funky Liedere vir 'n Aan-die-brand-Musiekbediening (Flam) vrygestel is. Dit bevat 20 liedere wat in aanslag wissel van lof en verwondering tot by geloofsbelydenis, geloof en vertroue. Ds Jacques Louw, voorsitter van Flam, het gesê dié liedere wil die Liedboek aanvul. Hulle probeer rekening hou met die diversiteit van verskillende spiritualiteite binne die kerk. Hoewel van die nuwe liedere met orrelbegeleiding gesing kan word, beveel Louw ander instrumente aan. Die nuwe liedere val volgens hom in 'n heel ander genre as daardie in die Liedboek. Flam se fokus is daarop om kontemporêre inheemse liedere aan die kerk beskikbaar te stel. Die nuwe CD bevat ook 'n paar vertaalde liedere, maar dis nie die hooffokus van Flam nie. 'n ander fokuspunt is kinderliedere. Louw het gesê die Maranatha platemaatskappy wat Flam I uitgegee het, het onderneem om in die volgende twee jaar 5 Flam CD's uit te gee. Een van hulle sal net aan kinderliedere gewy word. Flam het reeds 123 liedere vir gebruik in die kerk se eredienste goedgekeur. Louw het gesê dit is 'n voortgaande projek om nuwe liedere so aan die kerk beskikbaar te stel. Neels jackson

Van Polisiekarre tot God se 'glorylorries'
Beeld, 05.03.2006

"As die Here julle gryp, verander julle van polisiekar na glorylorrie."
Dié boodskap aan die groep Fokofpolisiekar was die naweek een van die boodskappe wat 'n groot groep Christene tydens 'n betoging by 'n besige kruising in Krugersdorp gelewer het. Ds. Jannie Pelser, koördineerder van die Jesus-veldtog teen die misbruik van die naam van die Here, sê hy voer nou al twee jaar lank 'n veldtog teen dié misbruik, maar dit lyk vir hom of al hoe meer mense sy argument aanvaar en self verantwoordelikheid neem.
Eergister se betoging het begin as 'n reaksie van 'n sakeman in Krugersdorp op die onlangse geval waarin 'n lid van Fokofpolisiekar op iemand se beursie geskryf het: "F** God". Toe is vinnig 'n protes gereël, maar soveel mense kon nie op kort kennisgewing daaraan deelneem nie, dat hulle weer 'n aksie gereël het. Pelser sê 350 mense was in die bittere koue byeen. Dit toon mense se verbintenis daartoe om standpunt in te neem vir die eer van God. Die reaksie van motoriste op die plakkate was volgens hom ook baie positief. In Junie reël die Jesus-projek weer 'n "media-vas" waarin mense gevra gaan word om twee weke lank nie flieks in teaters of op TV te kyk nie. Dan wil hulle in elke gemeenskap ook só 'n protes soos die naweek s'n in Krugersdorp reël. Die media-vas is in die eerste plek daarop gemik om vir gelowiges tyd te maak dat hulle kan bid oor dié saak, maar die media moet dan ook kennis neem dat Christene die knoppies kan afskakel of kan wegbly van goed wat hulle nie wil sien nie. Pelser sê hy is nie kwaad vir Polisiekar nie. Gelowiges wat nou protesteer was ook vroeër in opstand teen God. Hy wil lede van dié groep verseker dat God steeds lief is vir hulle en dat Hy op die regte tyd sal ingryp en die Polisiekarre se lewens sal omkeer. Neels Jackson
.

KERK - NUUS

Russiese leier sit agter sluipmoord-poging op pous - verslag;
Burger, 03.03.2006

Mehmet Ali Agca, die Turkse man wat pous Johannes Paulus II in 1981 geskiet en ernstig gewond het, het opgetree met die medepligtigheid van Bulgaarse en Oos-Duitse geheime agente wat op hul beurt opdragte gehoorsaam het wat direk gegee is deur die voormalige Sowjet-leier, mnr Leonid Brezjnjef, word beweer in 'n verslag deur 'n Italiaanse parlementêre kommissie. ... Die GRU het opdrag gekry om al die nodige operasies uit te voer wat nodig was vir 'n moord waarvan die erns ongeëwenaar is in die moderne geskiedenis, lui die verslag. ...

GODSDIENS - AKTUEEL

Fundamentalisme 'n belangrike krag
Pieter Craffert in Godsdiens-aktueel;
Beeld, 27.02.2006

Ek kan my indink dat mense ná 11 September sal sê dat ons nou almal weet wat godsdienstige fundamentalisme is. Maar dit sal 'n fout wees om dit te beperk tot fanatiese godsdiensaanhangers wat nie skroom om ander se lewens te neem onder die vaandel van godsdienstige oortuigings nie; hetsy as selfmoord-bomplanters of as moordenaars van aborsie-voorstanders. As 'n vorm van godsdienstigheid is dit een van die belangrikste kragte en invloede in die moderne wêreld en nadenke daaroor is belangrik vir georganiseerde godsdiens en die hele samelewing. Godsdienstige fundamentalisme kom veral voor in die drie monoteïstiese boek-godsdienste van die wêreld, Judaïsme, Christendom en Islam. Hoewel dit 'n komplekse groep verskynsels is, berus dit op 'n sekere soort denkwyse en lewensoriëntasie. Die sentrale oortuiging is dat daar 'n stel heilige geskrifte is wat onfeilbaar is en wat volledige antwoorde verskaf op alle menslike probleme. Oplossings word met bewystekste uit dié geskrifte verskaf.
Die skrywer Karen Armstrong sê dit word gekenmerk deur 'n afkeur aan demokrasie, pluralisme, godsdienstige verdraagsaamheid, vrye spraak en die skeiding tussen kerk en staat. Dié denkwyse is 'n reaksie teen die uitdagings van die moderne wêreld, teen die insigte van die wetenskappe en 'n weerstand teen 'n sekulêre kultuur en wil alle fasette van die lewe inrig aan die hand van godsdienstige oortuigings. Ten spyte van die aansprake dat dit 'n bewaring van die goeie uit die verlede is, is dit eerder 'n kreatiewe verwerking daarvan in die hede. Fundamentalisme is vandag waarskynlik die grootste vyand van gesonde en georganiseerde godsdiens. Dit reduseer komplekse prosesse tot eenvoudige oplossings. Byvoorbeeld, sosiale veranderinge het gelei tot die ontstaan van nuwe geslagsrolle. Fundamentaliste skryf dit toe aan die bose aktiwiteite van feministe of ongehoorsaamheid aan ewige verordeninge en soek bewystekste om geslagsrolle vir vandag te beskryf.
Die grens tussen gesonde godsdiens en fundamentalisme is vaag omdat laasgenoemde juis elemente uit die godsdiens fanaties en letterlik hanteer. Onder die dekmantel van vroomheid kan rassisme, seksisme, homofobie of ander kwetsende onderskeide, soos tussen rein en onrein of gelowig en ongelowig, maklik as aanvaarbaar opgedis word. Hoewel die meeste godsdienste oorontwikkelde sensors het vir kritici van buite, het hulle meestal onderontwikkelde sensors om die fundamentalistiese agenda in eie geledere te identifiseer. Dit kan byvoorbeeld gesien word in die manier hoe Bybelse tekste gebruik word. Die uitgangspunt dat interpretasies van heilige boeke in ooreenstemming moet wees met die fundamen talistiese siening, is mos juis om te sê die geskrifte is onbetroubaar en kan nie toegelaat word om self te praat nie. Maar dit is juis dié

siening wat almal dwing om tog maar te sê wat die voorskrifte van die tekste vir óns is. Maar om 'n teks se gesag te aanvaar, (om dit te respekteer), kan ook beteken om dit in eie reg te erken as gespreksgenoot wat 'n eie woord te spreek het en nie noodwendig vir ons hoef voor te skryf nie.
Soos die debat oor vroue in die amp en homoseksuele mense in die kerk wys, word selfs kreatiewe breingimnastiek toegepas sodat die bybelse tekste direk vir ons iets daaroor móét sê. Byvoorbeeld, dat homoseks deur heteroseksuele mans in Romeine 1 die eintlike sonde is. Waarom dit nie ernstig opneem dat, net soos daardie wêreld geen menseregte geken het nie, in die patriargale kultuur van destyds, geen teks vroue as die gelyke van mans gesien het nie. Daarom kan hulle nie direkte riglyne bied oor moderne geslagsrolle nie. Net so kan daardie tekste nie uitspraak lewer oor homoseksualiteit as seksuele oriëntasie nie, want seksuele aktiwiteite was in daardie wêreld gereguleer deur ander waardes. Maar dit neem nie weg dat ons daardie tekste ernstig kan neem vir wat hulle self wou sê nie. Nadenke en gesprekke oor fundamentalisme is ewe belangrik vir die samelewing - soos gesien word in die reaksie van fundamentalistiese bewegings teen die moderne lewenstyl en ongebalanseerde magsverhoudinge in die wêreld. Godsdienstige selfmoord-bomplanters gaan nie verdwyn voordat hierdie probleme aangespreek word nie. [Pieter Craffert is 'n Nuwe Testamentikus aan Unisa.]

Askruis op die kop en die stemkruisie Nico Botha, Godsdiens-aktueel; Beeld, 05.03.2006

Moet daar enige betekenis geheg word aan die feit dat die verkiesing vir plaaslike regering op Aswoensdag plaasgevind het? Het die kruisie op die voorkop en die een op die stembrief hoegenaamd iets met mekaar te make? Vir Christene wêreldwyd, veral vir mense in die Episkopaalse Kerke, is die ritueel wat met Aswoensdag gepaard gaan, besonder betekenisvol. Die merk van die kruis op die voorkop, met as wat ná sononder afgewas word, staan in die teken van selfondersoek, versobering, ommekeer, 'n radikale koersverandering. As 'n aanduiding van die begin van die Paasseisoen, word diegene wat met 'n askruis gemerk word, met dié woorde geseën: Verander jou koers, hoor die goeie nuus!
Voor die plaaslike verkiesing van 1 Maart het politici in alle tale toegegee, half bely, dat dienslewering op plaaslike vlak, veral aan mense wat dit die nodigste het, nie altyd na wense was nie. Dis nou om dit ietwat eufemisties te stel. Sou dit nou te veel van 'n oplegging wees om te verwag dat dié mate van selfondersoek tot 'n koersverandering sal lei? Is die mense met die kruisie op die voorkop nie per slot van rekening dieselfde kiesers wat hul kruisie agter die naam van 'n kandidaat of 'n politieke party gemaak het nie? Miskien het sommige van hulle, dis nou om maar by Bybelse metafore te bly, gedink: voor ons die byl inlê, laat ons kyk of die vyeboom nie tog sal dra nie, want anders as in die Bybel, gaan dit nie om een jaar nie, maar vyf. Want die as van Aswoensdag en die askruisie op die voorkop, dalk selfs die kruisie op die stembrief, het ook nog 'n ander betekenis: Dat uit die as nuwe dinge sal verrys.
En dalk hoef die nuwe dinge nie eens wonderlik dramaties te wees nie. Dalk sal dit al klaar 'n groot verandering wees as Suid-Afrikaners 'n groter sensitiwiteit jeens mekaar openbaar. Byvoorbeeld: Die oggend ná die verkiesing hoor ek 'n vrou op die radio kla dat daar by die stemlokaal waar sy haar kruisie sou trek, geen voorsiening vir mense met 'n fisieke belemmering gemaak is nie. Sy moes letterlik gedra word tot by die stembus. Sy vertel verder van twee ander in rystoele wat eenvoudig weggewys is, omdat hulle geen toegang met die rystoele kon vind nie. Wat is al ons kruisies werd, dié op ons voorkoppe en dié op ons stembriewe, as ons nie eens na die behoeftes van landsburgers met 'n belemmering omsien nie? Om nie te praat van die kruis wat baie Suid-Afrikaners nog moet dra deurdat hulle steeds van basiese dinge soos skoon lopende water, elektrisiteit, 'n ordentlike huis of ge woon net 'n werk verstoke bly. Of eenvoudig nie na geluister word nie. Sal daar ooit vir die mense van Khutsong uit die as van verbrande motorbande 'n nuwe, beter werklikheid ontstaan? Sal hulle dan miskien ontdek dat motorbande heel skeppend in speelparkies vir kinders aangewend kan word eerder as om uit frustrasie verbrand te word?
Met die skrywe van dié laaste paragraaf, het dit al duidelik geword dat die regerende party, die ANC, soos met die algemene verkiesing twee jaar gelede, 'n klinkende oorwinning behaal het. Dis te hope dat wanneer die vreugdevure tot as verbrand is, 'n groter nugterheid sal intree, oor veels te veel areas wat nog in skerwe lê, oor te veel beloftes wat nie nagekom is nie. Daar hoef tussen die askruisie op die voorkop en die kruisie op die stembrief nie 'n groot kontradiksie te bestaan nie. In albei gevalle gaan dit om 'n definitiewe keuse. Met die askruisie gaan dit om die keuse van 'n sekere soort geloof, 'n sekere pad wat 'n mens loop en 'n sekere kyk op die samelewing. Met die keuse wat uitgeoefen word deur 'n kruisie op 'n stembrief te trek, gaan dit om die aanwysing van mense om dit waarvoor die kruisie op die voorkop staan, in konkrete sosiaal-politieke en sosiaal-ekonomiese terme waar te maak. Sou die kruis hier dan 'n dwaasheid bly of die teken van kraaknuwe dinge?

DEBAT

Moslems & Christene - Broers en susters, ja, maar ...
Burger, Perspektief, 05.03.2006
Dit lyk nie of die kloof tussen Christene en Moslems kleiner word nie - eerder groter. Tussen hierdie twee sustergodsdienste heers daar eeue lank al 'n liefde-haat-verhouding, skryf Piet Muller na die jongste botsing, dié oor die Deense Anti-Islam spotprente. ... Van die huidige spanning tussen Christene en Moslems was daar aanvanklik nie sprake nie. Mohammed, die stigter van Islam (letterlik godsdiens van vrede, wat beoefen word deur Moslems) het Christene en Jode beskou as 'mense van die Boek', as mense wat ook 'n openbaring van God ontvang het. Hoewel hy self heelparty slegte ervarings met sowel Christene as Jode gehad het, het Mohammed nooit van hierdie standpunt afgewyk nie. Christene en Jode is nooit gedwing om die Islam as godsdiens te aanvaar nie. ...Hoewel die opvatting dat Jesus God was, deur Islam as opperste godslaster beskou word, word Jesus as 'n profeet van God beskou, net soos die Joodse profete van die Ou Testament. Mohammed word as die laaste, en grootste, van die profete beskou. ... Die volgende paar dekades kan deurslaggewend wees vir die verhouding tussen Christendom en Islam. 'n Toenemend gesekulariseerde Europa het moeite om 'n verhouding met die streng godsdienstige Moslems op te bou. Daarenteen word baie Moslem-waardes, toenemend deur Westerse waardes en feminisme onder druk geplaas,

Die tragedie van anti-Semitisme: Is dit onmoontlik om ruim te glo? Lina Spies in Monduitspoel; Burger, 04.03.2006

... Dit is om van yskoud te word dat die Israeli-Palestynse konflik weer wyd en syd binne globale verband irrasionele Jode-haat en daarmee gepaard, ontkenning van die Holocaust opwek. 'n Mens word daardeur opnuut gestel voor die vraag na die wortels van anti-Semitisme. Hitler kon in sy oproerige toesprake inspeel op eeu-oue anti-Joodse vooroordele wat hul oorsprong hoofsaaklik in die Nuwe Testament het. Europese teoloë wat nie kon ontkom aan die vraag hoe Auschwitz moontlik was op 'n kontinent met die Christelike geloof as dominante godsdiens en 'n hoë beskawings en kulturele peil nie, het hulle meteens bevind in konfrontasie met die anti-Joodse uitsprake in die briewe van Paulus en die 4 Evangelies. ... Die fel anti-Joodse uitsprake in die Johannes-evangelie is te wyte aan die ontstaan daarvan kort ná die breuk tussen die sinogoge en die kerk. Paulus is as bekeerling uit die Judaïsme, wat aanvanklik Christene bloedig vervolg het, begryplik ambivalent oor sy Joodse tradisie. ... In die Afrikaanse kerke word, helaas, die historiese konteks van die Bybel grootliks geïgnoreer en Jesus se Joodwees weggesyfer uit die prediking en

dus die bewussyn van lidmate. Die Nuwe Hervormers wat 'n skerp oog daarvoor het, word byna konsekwent verdag gemaak en verguis. Waar dialoog so belangrik is om 'ruim te glo', vind ek dit uiters jammer dat sover my kennis strek, die gesprek tussen die sinagoge en die kerk wat na die Tweede Wêreldoorlog op gang gekom het, hier nog nie 'n rimpeling gemaak het nie.... Waarmee Joodse skrywers veral wou afreken was met die skuld wat die Jodedom eeue lank moes dra vir Jesus se kruisiging. ... Die mees misbruikte teks van almal wat 'n spoor van ellende in die geskiedenis agtergelaat het, is Mat 27:25: 'En die hele volk antwoord en sê: Laat sy bloed op ons en op ons kinders kom!' Binne historiese konteks kan dit nooit betrekking hê op die hele Joodse volk van alle tye nie. Om dit te glo, is absurd. Waar die weë van Jode en Christene uiteenloop oor die Goddelikheid van Jesus, is daar ontroerende en verrykende Joodse visies op Rabbi Jeshua van Nasaret. ... Hoe anders, vra mens jou af, kon die lydensgeskiedenis van die Jode nie daar uitgesien het nie as Christene erns gemaak het met Jesus se leer van die liefde?

Watter waardes wen?
Piet Muller, Beeld, 02.03.2006;

Godsdiens het die wêreld se groot nuwe plofpunt geword.
Dít is opnuut bewys deur die wêreldwye Moslem-reaksie op die publikasie van spotprente waarin die profeet Mohammed uitgebeeld word. Op TV sien 'n mens steeds beelde van woedende Moslems wat betoog en vlae brand. Dit laat 'n mens nogal dink aan die woede-uitbarsting wat 'n paar jaar gelede op die publikasie van Salman Rushdie se boek The Satanic verses gevolg het. ... Dit wil inderdaad lyk of die kloof tussen Christene en Moslems, of meer korrek tussen die meestal gesekulariseerde Westerse mens en die Moslem-mens, al hoe groter word. ... Wat die spanning tussen verskillende godsdienste nóg groter maak, is die opkoms van "fundamentalisme", 'n vorm van onverdraagsaamheid waaronder al die groot wêreldgodsdienste die een of ander manier deurloop. Die woord "fundamentalisties" is terloops deur 'n groep Amerikaanse Christene geskep om hulle van ander, "louer" Christene te onderskei. Die woord is daarvan afgelei dat hulle die "fundamentals" van die Bybel letterlik verstaan. Volgens die bekende godsdiensskryfster Karin Armstrong is fundamentalisme 'n verskynsel wat uit die 19de eeu spruit en saamhang met groter geletterdheid in die wêreld. ...In Indië was dit nie 'n fanatiese Moslem of Christen wat Mahatma Ghandi vermoor het nie, maar 'n Hindoe-fundamentalis wat gekant was daarteen dat Ghandi verdraagsaamheid tussen Moslems en Hindoes gepredik het. In Israel is dit fundamentaliste aan Joodse sowel as Moslem- kant wat 'n politieke skikking bykans onmoontlik maak. Maar ernstige spanning kom ook onder Christene voor. Só bou daar spanning in Suid-Amerika op tussen Evangeliese Christene en Katolieke. Baie waarnemers verwag dat die een of ander regering die een of ander tyd tot die twis gaan toetree om Suid-Amerika se "Katolieke erfenis" te help bewaar. En sodra 'n staat by 'n godsdienstwis betrokke raak, gee dit 'n domino-effek van diplomatieke optrede af. Dieselfde is in Rusland aan't gebeur, waar die Russiese Ortodokse Kerk, ná byna 'n eeu van onderdrukking, ook 'n stryd om oorlewing moet voer teen die verskillende evangeliserende Westerse kerke wat almal 'n deel van die Russiese kerkmense wil kry. ... Moskees en tempels skiet op langs kerke en sinagoges. Die wêreld moet skielik leer hoe om verskillende geloofsopvattings, kulturele gebruike en etiese stelsels met mekaar te versoen. Waar Europese state in vorige eeue oorloë gevoer het om Moslems uit hul grondgebied te hou, stap Moslem-intrekkers vandag gewoon deur immigrasiehekke. Europa kom met 'n skok agter hoe sy kulturele en rassepatroon sienderoë besig is om te verander. Dít op sigself lei weer tot politieke ekstremisme en die opkoms van verregse partye. ... Om wêreldwyd vrede tussen die verskillende godsdienste te bewaar, sal nie maklik wees nie, want die meeste van dié godsdienste het nooit 'n historiese skeiding tussen kerk en staat geken nie. Hulle het ook nooit die geskie denis deurgegaan wat aan die Weste individuele vryheid en vryheid van spraak gegee het nie. Hulle is dikwels ook nie besonder sensitief oor vroueregte nie. Dit is alles dinge wat spanning veroorsaak tussen Westerse waardes en dié van die verskillende "intrekkende" godsdienste. Waar godsdiens met politiek vermeng raak, soos in die geskil oor olievoorsiening vanuit die Midde-Ooste of die twis oor die toekoms van Palestina, maak dit die wêreld 'n oneindig gevaarliker plek. ... Die debat oor godsdiens, persoonlike vryheid en ontwikkeling het nog skaars begin! [Dr. Piet Muller is 'n toekomskundige met 'n belangstelling in hoe idees die samelewing beïnvloed.]